Quo Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 28b

(Geen Datum)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

ONS BUITEBLAD

Die Bybel word aangebied aan trekleier Uys en sy geselskap deur hul Engelse bure met hulle vertrek na die groot, onbekende Noorde.

Van die begin van ons Suid-Afrikaanse geskiedenis is die Bybel deel van ons volkserfenis.

Terwille van hulle geloof in die Bybel het Geus en Hugenoot hulle land verlaat en hier kom vestig.

In die wakis van die Voortrekkerwaens was die Bybel as kragbron. Ons grootvaders was mense wat by die lig van Gods Woord gedink en geleef het.

WAAR IS U BYBEL VANDAG?

"Heer, u woord is my 'n fakkel
wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse
van my lewenspad verja.
'k Het gesweer, deur u ontferming
dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe,
deur dié ligglans wil laat lei."

31 Oktober is Hervormingsdag. Ons herdenk dan weer die oorwinning va.n die waarheid van die Bybel oor die dwalinge van die Roomse Kerk.

HISTORIESE GELOOF

'n Eienaardige benaming: **Historiese** geloof!

Wat se geloof sou dit nou wees?

Geloof is mos maar geloof.

Ja, dit is 'n buitengewone en eienaardige naam — tog, die saak waarom dit gaan, is 'n heel algemene verskynsel.

U se dat u hierdie verskynsel nog nooit raakgesien het, die gedrog nog nie opgemerk het nie? Kyk dan 'n keer goed om u rond, of liewer, wend die blik na binne — dalk gewaar u daardie onding in u eie lewe.

Historiese geloof?

Gedrog?

Onding?

Vriend, ek weet dat dit vir u duister klink. Dit is in elk geval 'n duistere saak want hierdie soort geloof bring nie lig nie, allermins dié Lig. As die geloof wat iemand besit gekwalifiseer kan word as **historiese** geloof, dan bly hy net so ellendig as wat hy is, dan het hy geen hoop op die toekomstige lewe nie en Christus het vir hom geen ewigheidswaarde nie.

Namaakgoed.

U het netnou gesê dat geloof mos maar geloof is. U weet egter dat mens in die tyd waarin ons lewe, baie namaakgoed kry. Op die oog af lyk die dinge heel eg, maar stel net ondersoek in, dan kom jy tot die ontnugtering dat dit 'n kunsproduk is — kunsleer, kunspels, kunstande, kunshare ens.

So is daar ook kunsgeloof! Surrogaatgeloof!

As mens oppervlakkig met iemand gesels wat so 'n geloof het, dan skyn dit eg. Die man weet byna van alles. Hy maak lang aanhalings uit die Bybel. Hy erken dat Gods Woord die waarheid is; dat God hemel en aarde geskape het; dat die mens in sonde geval het; dat Christus 'n historiese figuur is wat op aarde verskyn het, ens.

U erken dit tog ook nie waar nie?

Die vraag is egter **hoe** u dit erken.

Glo met die verstand.

Erken, aanvaar, glo u al die bogenoemde dinge net soos wat u glo aan dit waarvan die geskiedenisboeke spreek? Het dit vir u dieselfde waarde as 'n aksioma uit 'n wiskundeboek of 'n mededeling uit 'n historiese bron? Om te glo dat Napoleon wel geleef het, of dat 2 x 2 = 4, is nie sake van die hart nie maar wel van die verstand. Aan hierdie dinge **glo** ons dus **met die verstand.** As ons nou op dieselfde wyse glo aan die waarheid van die Skrif en van God en van Christus, dan is dit die ware, egte, saligmakende geloof nie maar wel 'n blote historiese geloof. Immers, die duiwels sal nie salig word nie tog glo hulle, tog is hulle vas van oortuiging dat daar 'n enige God is.

Baie van ons glo dat daar 'n God is, maar verder laat dit ons koud omdat dit nie geloof In God is nie maar bloot geloof **aan** God. Op die duiwels het hierdie geloof aan God darem nog 'n uitwerking — hulle sidder.

Vrugte of blare?

Miskien sidder u ook as u dink aan die oordele van God. Miskien bly u geheel en al onbewoë. Aan die vrugte sal die boom geken **word.**

En as daar geen vrugte is nie? net blare? Dan is die skyn van die geloof daar, maar as jy gaan ondersoek instel, tussen die blare van blote verstandskennis gaan rondsoek, dan blyk dit dat daar nie 'n hart is wat warm klop vir die saak van Christus nie. Die kunsgeloof is soos 'n kunsblom — dit versprei geen aangename geur nie. Dit bring nie die hand in aksie tot 'n offerdaad vir Christus nie, dit laat nie die voet gaan op paaie van geregtigheid nie.

Onvrugbaar

Dus: 'n onvrugbare geloof.

Kennis van die waarheid, maar geen vreugde nie.

Kennis van God maar geen liefde tot God nie.

Kennis van Christus maar geen verlossing in Christus nie.

Kennis van die Weg maar dit word nie bewandel nie.

Dit is verstandskennis wat dooie kapitaal is — dit werp geen rente af nie.

Amper.

'n Klassieke voorbeeld van iemand met 'n historiese geloof is koning Agrippa (Handelinge 26). Hy ken die Woord en die Profete, hy weet van Christus. En op die drangrede van Paulus antwoord hy: Jy beweeg my byna om 'n Christen te word!

Hy glo met die verstand maar die Woord bevat vir hom geen blye evangelie (goeie boodskap) nie. 'n Byna-Christen!

Amper-geloof!

Maar: amper of byna gered is nog steeds gans verlore!

Agrippa is nie soos die dwaas wat in sy hart sê: Daar is geen God nie.

Hy weet beter.

Daar is 'n God.

Hy glo dit.

Glo u dit ook?

Ek weet dat u dit glo, anders sou u 'n dwaas gewees het. MAAR: as u nel glo dat daar 'n God is sonder *meer,* dan het u ook soos die duiwels rede om bang te wees, dan is u soos Agrippa: amper gered, 'n byna-Christen.

Geen amper-Christen. Geen siddergeloof.

Maar geloof wat bestaan uit 'n gewisse **kennis** waardeur u alles wat God in sy Woord geopenbaar het vir waaragtig hou, MAAR OOK 'n **vaste vertroue** dat God nie alleen aan ander nie maar ook aan u vergewing van sondes en die ewige lewe uit genade. ter wille van die verdienste van Christus, skenk.

Mag dié geloof u deel wees.

W. de Vos

DIE KAR VOOR DIE PERDE

Jy sê dat jy al die reëls en gebooie en wette in die godsdiens sal nakom. Jy gaan jou inspan om alles te doen wat van jou verwag word. Maar nou sê ek vir jou dat al hierdie goeie voornemens van jou knoeiwerk is. Jy kan jou saligheid nie koop of verdien of uitwerk nie.

Jy moet begin by die woord genade.

Dit is 'n harde woord want daardeur sê die Here aan jou dat jy nie kan nie. Maar hierdie woord is ook die liefdevolle woord wat ek ken want daardeur leer ons dat dit nie die mense is wat in die eerste plek God moet dien nie — Hy wil in die eerste plek die mense dien.

Die beginpunt is nie dat ons vir God dinge doen nie, maar Hy begin dinge aan ons te doen. Hy gee en ons ontvang. Hy daal af na ons en ons moet nie eers opklim na Hom nie. God roep ons voordat ons begin roep.

Nie die vraag nie, maar die aanbod staan voorop.

God skenk die saligheid aan die wat Hy uitverkies het.

Hulle word geroep deur die stem van sy Woord.

Hy wederbaar hulle; dit is vernuwing van die hart.

Hy gee aan hulle die geloof as 'n **sekere kennis en vaste vertroue** dat Christus nie alleen vir ander nie, maar ook vir my gesterwe het.

Hy gee die vryspraak van skuld en verklaar hulle regverdig.

Hulle word bekeer tot 'n nuwe lewenswandel waarin die sonde gehaat en ontvlug word.

Van Hom ontvang hulle die heiligmaking waardeur die neiging in hulle van kwaad na goed verander.

God skenk aan hulle die volharding sodat hulle deur geen moeite of verdriet ooit die werk wat God in hulle begin het, sal uitdelg nie.

Na die aardse stryd neem Hy hulle op in die heerlikheid.

Ons het 'n God wat ons wil dien. My aanbod aan God gaan nie voorop nie, maar sy aanbod aan my.

Daarom is alleen die hongeriges en dorstiges en wenendes en armes van gees salig, want hulle het geen eie syfers om te bereken nie. Hulle gebed is: "Here bedien my!"

Jy moet nie die kar voor die perde inspan nie.

Ek is so bang vir 'n misverstand, asof alle verantwoordelikheid nou van jou af is. Dit tog nie, want genade word nie in ons lewe meganies geskenk nie. Dan is die mens 'n masjien wat aan die een kant teen sy wil en sin met genade gevoer word en aan die ander kant word die saligheid geproduseer. God werk met mense en mense het verstand, wil, hart en gewete. Die beeste dryf jy in die krale, maar mense roep jy. Klippe word uit die pad geskop, maar mense beweeg jy.

Daarom rig God die uitnodiging om na Christus te kom, tot alle mense. As dié uitnodiging afgewys word, is dit jou eie skuld.

Kom — bemin hierdie God wat alles vir jou wil doen, terwyl jy in jou hart nie daarvoor gevra het nie.

Kom — wie vader of moeder bo Hom liefhet is Hom nie werd nie.

Kom — wie sy lewe verloor het en Hom volg, sal dit vind.

Kom — wie in Hom glo, het die ewige lewe.

Die saligheid is 'n geskenk van die Here wat Hy wil skenk langs die weg van uitnodiging.

Ons het nou op die punt gekom waar God aan jou vra: "Wat maak jy met die uitnodiging?"

W. J. de Klerk.

IS JY BANG VIR PYN?

Dat U my verdruk het, Here
dit was enkel goed vir my,
want daardeur het U my dieper
in u kennis ingelei.

Daarom is dit my veel beter
as die allerrykste skat,
meer as al die goud en silwer
wat die wêreld kan bevat.

(Psalm 119:25)

Die Gees van die Here HERE is op My,
omdat die HERE My gesalf het om
'n blye boodskap te bring aan die
ootmoediges; Hy het My gestuur om
te verbind die gebrokenes van hart . . ."

(Jes. 61).

O neig u oor en red 'n lyder,
wees my by stormgerug
'n rots om in te vlug.
Wees my 'n vesting, o Bevryder,
wat op 'n berg verhewe
my veiligheid kan gewe."

(Psalm 31:2).

IS JY BANG VIR PYN?

Natuurlik — want pyn is ongerieflik, ondraaglik, 'n bedreiging, 'n belemmering.

Daarom dink ons maar aan één ding: hoe kan die nare pyn die gouste weggeneem word. Pynverdringing is die eerste gedagte.

So is dit ook goed. Ons moet dankbaar wees vir al die nuwe wondermiddels wat ons bondgenote is in die groot stryd teen pyn.

Maar ons moet aan die pyn ook 'n tweede gedagte gee: wat is dit tog eintlik, en waarom is daar pyn, en het pyn ook nog 'n goeie vrug? En dan kom ons tot hierdie konklusies:

Pyn vertel van 'n gebroke en geskende lewe. Pyn herinner ons aan ons onvolmaaktheid. Pyn is 'n bode wat vertel van ons sterflikheid. Pyn is 'n roepstem wat jou dwing tot stilstand. Ek wil jou sterkte toewens as die pyn ook na jou toe kom, maar ek wil ook aandring op jou meditasie. Luister na die rasperstem van jou pyn. Laat die smal spleet van lyding en verdriet waardeur jy gepers word, jou tot stilstand bring — jou meer laat vra na God en na die Bybel en na die gebed.

In die wonde van Jesus Christus is daar ook vir jou genesing.

W. J. de Klerk.

KONING CHRISTUS BEWAAR ONS

Die goeie oue tyd — daaroor word dikwels gepraat en gedroom.

Of dit in die "ou tyd" altyd so goed was, is nie so seker nie. Een ding is egter wel seker en dit is dat baie dinge in die ou tyd anders was as wat dit vandag is.

Dink byvoorbeeld aan die posisie van die konings.

Die konings van vandag doen eintlik niks sover dit die regering van hulle bepaalde lande aangaan nie. Hulle is wel met glans omgewe en woon in skitterende paleise, maar self regeer hulle lande nie.

In die ou tyd was dit egter anders.

Toe het die konings nog werklik self regeer. Hulle het wette uitgevaardig en self ook as regters opgetree by die oortreding van die wette. As oorlog gedreig het, het hulle self hulle leërmagte gelei en aangevoer in die stryd teen die vyand. £o het hulle ook toegesien dat hulle volk beskut, bewaar en beskerm word.

As daar nou van Christus as Koning gepraat word, maar in terme van die konings van die ou tyd.

Toe sy volk met ewige ondergang bedreig is onder die tirannie en dwingelandy van Satan, het Hyself die strydperk betree, die Satan aangedurf en oorwin. So het Hy vir sy volk die ewige redding en verlossing bewerk en vir hulle die deure geopen na 'n lewe van nimmereindigende geluk en vrede.

Natuurlik voel Satan bitter ongelukkig hieroor. Daarom probeer hy alles in sy vermoë om die verloste volk van Koning Christus weer vir homself te wen en na sy kamp toe oor te bring sodat hulle onder sy tirannieke dwangjuk kan staan en sy slawe kan wees.

Hy doen dit op verskillende maniere.

Hy doen dit deur ons harte op slinkse en "ondergrondse" wyse so te betower met die voorstelling dat dit wat hy ons aanbied so aangenaam, so aanloklik, so lekker is en dat 'n lewe van gehoorsaamheid aan Christus verskriklik onaangenaam en bitter is.

Hy doen dit ook deur die ware volk van Christus op die verskriklikste wyse te vervolg, te laat honger ly, leed en smart aan te doen en hulle selfs dood te maak, ter wille van hulle geloof. So wil hy hulle dwing om vir Christus nee te sê en vir hom ja te sê.

Maar Satan sal nie daarin slaag om Christus se ware volk vir hom te wen nie, want Christus, ons Koning is almagtig. Hy beskik oor alle mag letterlik alle mag in die hemel en op aarde (Mat. 28:18). En so, het Hy ons verseker, met die mag tot sy beskikking sal Hy self sorg dat nie een van sy ware onderdane weer die eiendom van Satan word nie (Joh. 10: 28, 29). So sal Hy hulle beskut, bewaar en beskerm.

Ja, dit gebeur wel dikwels dat lede van die verloste volk van Christus vir 'n tyd lank na Satan luister, sodat dit lyk asof hulle nie meer gehoorsaam is aan nulle Koning nie. Maar dit is net tydelik.

Daarna bewerk Christus, hulle almagtige Koning dit self so dat hulle weer na hom toe terugkom.

Is jy wat hier lees miskien een van die lede van die volk van Koning Christus wat verdwaal geraak en in die kamp van Satan beland het? Dan het ek nou vir jou 'n blye tyding: Christus wil jou terug hê by Hom. Hy kan jou terugbring, want Hy het die mag om dit te doen.

Maar dan verwag Christus van jou dat jy self van nou af alles in jou vermoë moet doen om weg te kom uit die kamp van Satan en heerlike rus onder die regering van Christus te kom vind. Jy moet stry teen alles wat Satan jou voorsê om te doen en jou beywer om net dit te doen wat Christus jou 'beveel. En as jy werklik so gaan stry, dan sal jy vind dat Christus ook die nodige geestelike en liggaamlike krag aan jou gee om te kan stry teen die verkeerde en die goeie te kan doen. Hy self het gesê dat Hy aan jou die krag sal gee, want in Jes. 40 lees ons:

"Die wat op die Here wag, kry nuwe krag."

So sal jou Koning jou bewaar en jou help om van die dwangjuk van Satan bevry te word.

Maar jy moet self stry, waaragtig stry teen die sonde.

En as jy een of twee of drie kere in jou stryd nie geslaag het nie, moenie moed verloor nie.

Hou aan! Hou aan met stry!

En vra Christus, ^ou Koning, in die gebed om aan jou die krag te gee om Hom te dien en nie Satan nie.

Uiteindelik sal jy oorwin — nie omdat jy self so sterk is nie, maar omdat Christus wat jou wil bewaar en beskerm dat jy nie verlore gaan nie, aan jou die krag sa] gee om te kan oorwin.

Miskien het jy al gehoor van die martelare — gehoor dat hulle gewillig was om in die verskriklikste pyn in die vuur verteer te word eerder as om Christus te verloën en hulle geloof in Hom af te sweer, Jy het gewonder hoe hulle dit kon regkry.

Die antwoord is dat Christus aan hulle die krag gegee het om dit te kan doen. Juis onder sulke omstandighede word die ontsaglike mag van die Christus-koning geopenbaar. Dan word dit duidelik dat Hy sy kinders so versterk in die geloof dat hulle hul geloof en verbintenis aan

Hom nie verloën nie - self al moet hulle in die geweerlope van vuurpelotons vaskyk of brandstapels opklouter. Dan blyk dit dat Satan op geen wyse die lede van Christus se volk uit sy hand kan ruk en hulle hul deel aan sy ewige verlossing kan ontneem nie. Satan staan dan tog magteloos.

So wil Koning Christus jou ook — selfs deur smarte en pyn heen — bewaar om die ewige, nimmereindigende geluk

en vreugde na hierdie lewe in te gaan.

Jy moet net in Hom glo, by Hom skuil, Hom in alles soek en Hom van harte dien.

P. J. de Bruyn.

DIE TEKENS VAN DIE TYE

Die Groot afval

Dink u miskien dat dit vir die kerk vreemd is dat vele van die lesers van Quo Vadis die bande met God en sy kerk gebreek het . . . O ja, dit is gewis vir ons 'n rede tot droefheid . . . Dit is ook vir die kerk 'n rede tot beskaming, want baie het verwaarloos geraak deur 'n ontroue kerk. Nie alleen die afgedwaaldes is skuldig nie, maar ook lidmate van die kerk en ontroue ampsdraers dra 'n groot skuldelas teenoor hierdie vervreemdes . . . Ons kan gerus hardgrondig ons eie laksheid en liefdeloosheid bely en ons haas om ons daarvan te bekeer . . .

Daar is baie faktore wat daartoe meewerk dat mense die rug op God en godsdiens draai . . . Ons wil nie op al die faktore ingaan nie . . . Ons noem dit net as 'n feit dat godsdiens en die lidmaatskap aan 'n kerk al meer en meer uit die mode raak . . .

Duisende Afrikaners in ons eie vaderland, wat uit godsdienstige huise kom, het geheel vervreem . . . Nog meer hoort slegs in naam aan een of ander kerk . . . Hulle laat hulle kinders doop, trou in die kerk en word uit die kerk begrawe, maar andersins ken hulle veelal nie die binnekant van die kerk nie . . .

In Europa en Amerika is dit al veel erger gesteld . . . 'n Mens skrik al as jy hoor dat nog gepraat word van die Christelike Westerse beskawing . . . Ons kan gerus die woord "christelik" weglaat . . . Dit het 'n beskawing sonder Christus geword . . .

Hierdie verskynsel gaan nie by ons koue harte verby nie . . Dit is vir ons 'n rede tot droefheid en verootmoediging, want ons het ook skuld daaraan . . .

Aan die ander kant is dit egter vir ons 'n lenteteken . . . Die vyeboom bot . . . Die somer is voor die deur . . . Dit is ook een van die voetstappe van die komende Christus .. . Hy, die Koning van die kerk, is nie paniekerig daaroor nie . . . Hy het dit verwag . . Hy het dit vooruit aan ons gesê . . Dat ons dit voor ons oë sien gebeur is net weer 'n bewys van die waaragtigheid van sy Woord . . .

LUISTER!

"En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat . . En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei . . . En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Maar wie volhard tot die einde toe sal gered word." (Mat. 24:10-13).

Gebeur dit nie letterlik voor ons oë nie . . . Jesus het dit vooraf geweet en ook aan sy kerk gesê . . . Volgens sy Woord sal die dinge gebeur voordat Hy op die wolke van die hemel kom . . .

MAAR LUISTER VERDER!

"Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here

Jesus Christus en ons vereniging met hom, om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie asof die dag van Christus al daar is . . . Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom ..." (2 Thess. 2:1-3).

Eers moet die afval kom . . . Die afval van God en sy kerk . . kom, voordat Christus kom . . .

En nou sien ons dit . . .

Dit bedroef ons . . Daarom soek ons na die afvalliges . . . Ons roep hulle toe: Keer terug!

Diep in ons hart verstewig dit egter ons geloof in die waarheid van die Woord van God . .

Ons verbly ons want Hy kom gou.

M. J. Booyens.

JESUS OOR DIE EGSKEIDING

En Hy het opgestaan en daarvandaan deur die oorkant van die Jordaan na die gebied van Judéa gegaan; en weer het 'n skare by Hom vergader; en soos Hy gewoond was, het Hy hulle weer geleer.

Toe kom die Fariseërs na Hom; en, om Hom te versoek, stel hulle Hom die vraag of dit 'n man geoorloof is om van sy vrou te skei?

Maar Hy antwoord en sê vir hulle: Wat het Moses julle beveel?

En hulle sê: Moses het toegelaat om 'n skeibrief te skrywe en van haar te skei.

En Jesus antwoord en sê vir hulle: Vanweë die hardheid van julle harte het hy vir julle hierdie gebod geskrywe,

maar van die begin van die skepping af het God hulle man en vrou gemaak.

Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef,

en hulle sal een vlees word, sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees.

Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.

En in die huis het sy dissipels Hom weer oor die saak gevra.

En Hy sê vir hulle: Elkeen wat van sy vrou skei en 'n ander een trou, pleeg egbreuk teen haar;

en as 'n vrou van haar man skei en met 'n ander een trou, pleeg sy egbreuk.

(Markus 10:1-12)

DIE BLYE BOEK

Daar bestaan 'n boek met nogal 'n gewigtige naam: "Konkordansie van die Bybel."

In die boek vind ons 'n alfabetiese rangskikking van alle woorde wat in die Bybel staan met vermelding van die tekste waarin die woord voorkom. Dit is nogal interessant om na te gaan hoe dikwels 'n bepaalde woord in die Bybel voorkom.

Ek het 'n telling gehou van die woord BLYDSKAP in al sy variasies. Hier is die uitslag alleen met betrekking tot die Nuwe Testament.

Blydskap 49 maal; jou verbly 42 maal; bly wees 9 maal; verbly wees 4 maal; jou verheug 14 maal, vreugde 14 maal — die oes is 132 maal.

Die Bybel is dus nie die somber Boek soos sommige meen nie. Dit is die Boek van egte lewensblyheid.

Daarom noem ons die Bybel ook "Evangelie". Dit beteken blye boodskap.

Wat is die inhoud van die blye boodskap van die Bybel?

Dat Jesus Christus gestuur is om te soek en te red wie verlore is en dat deur die geloof in Hom die verlossing werklikheid is.

W. J. de Klerk.